

4 September

Skrifgedeelte: Johannes 13:1-15
Fokusgedeelte: Johannes 13:10 (OAV)

Was mekaar se voete

Tydens die laaste Pasga, met die instelling van die heilige Nagmaal, sien ons ons gesalfde Koning, Jesus Christus, neerbuk en in 'n nederige dienskneggestalte die vuil voete van sy dissipels was. Kultuurhistories is voetgangers se voete deur hulle gasheer laat was voordat hulle aan tafel aangelê het. Eksodus 30:21 wys op die seremoniële reinigingsbetekenis van die voete was.

In Johannes 13:10 wys die eerste woord: “Gewas is” na die eenmalige gebeure van die werk van Christus VIR ons áán die kruis. Maar dan voeg Jesus by: “... het niks anders nodig as om die voete te was nie.” Hierdie tweede “was” verwys na die daaglikse vernuwing, die werk van Christus, deur sy Woord en Gees IN ons, ná die kruis.

'n Eenvoudige beeld helder dit op: Destyds, as iemand uitgenooi is vir 'n feesmaal en hy sou by sy huis sy hele liggaam gebad het, dan kom daar onderweg na die huis van sy gasheer weer stof aan sy voete, sy voete word vuil. Dit beteken nie dat hy nou weer die hele liggaam moet bad nie, want “hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie”.

Onderweg na die huis van ons Vader met sy vele wonings, onderweg na die woning van ons Gas-Heer, onderweg om te gaan aansit aan die bruilofsmaal van die Lam, op die lewensweg kom daar stof en vuilheid aan ons voete. Ons kan nie met vuil voete wil deel in die gemeenskap met Christus nie! Jesus wat sy dissipels se voete gewas het, leer ons om MEKAAR se voete was! Hy bedien 'n aspek van sy heiligmakende werking aan ons deurdat Hy iemand stuur om my die voete te was. (Die ouderling op huisbesoek, die dominee van die kansel af, 'n vriend/vriendin, 'n broer/'n suster in die geloof, 'n ouer, 'n kind – wys jou op jou vuil voete!)

Het ons mekaar so lief, soos HY, dat ons bereid is om mekaar se voete te was?

Sing: Psalm 119:2, 10 (1936)

Ds SJMS Smit (Pietersburg-Noord)